

Wedergeboorte en liefde

As die Here aan jou en my 'n getuigskrif moet gee, sou God nie anders kon nie as om te skryf: dood in sonde; geneig tot kwaad; onbekwaam tot enige goed; totaal krom en onbruikbaar. Natuurlik, want die mens is gebore uit verganklike – of letterlik – dooie saad. Die sonde word geërf en die mens se lewe word gekenmerk deur liefdeloosheid en goddeloosheid. Dán gryp God deur sy Heilige Gees in. Petrus sê dat jy losgekoop is deur die kosbare bloed van Jesus Christus (vs 19). Die wonder is dat dit reeds voor die skepping van die wêreld deur God bepaal is (vs 20). Só word die mens wedergebore. Hy word uitgeruk uit die see van sonde en vrygemaak van die verganklikheid van sy aardse bestaan.

Dít is die wonder van die liefde van God: dat oor ons getuigskrif in rooi geskryf staan: GENADE! As jy dan losgekoop is en die gawe van die wedergeboorte ontvang het, kan jy nie anders as om God en jou naaste vurig lief te hê nie. Wedergeboorte is nie 'n bewys van sondeloosheid nie, maar van God se genade in Christus. Deur die Heilige Gees skenk Hy die wedergeboorte aan jou en stel Hy jou in staat stel om die stryd teen die sonde te kan stry in die geloof dat God jou in genade aansien. Elke dag – ook vandag – en elke oomblik kan jy voor God se genadetroon pleit om genade. Jy sál dit ontvang. “Julle IS immers weergebore,” sê Petrus (vs23). Jy kan vandag in God se liefde gaan lewe, en liefde bewys aan almal rondom jou, omdat jy God se kind is.

Sing: Psalm 51:1, 3

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)